

## Chris Jones\*

[Internasionale Nelson Mandela-dag](#), wat jaarliks op Madiba se verjaardag (18 Julie) gevier word, is 'n wêreldwye oproep om die idee te vier dat elke individu oor die vermoë beskik om verandering te inspireer en oor die mag beskik om die wêreld te hervorm. Mandela was regdeur sy lewe 'n voorbeeld hiervan en het mense aangemoedig om 'n beter samelewing vir hulself en vir toekomstige geslagte te skep.

Iemand het die volgende iewers op 'n muur geskryf: “Beter vrae – beter antwoorde – beter wêreld.”

Albert Einstein is soos volg [aangehaal](#): “Indien ek binne een uur 'n probleem moes oplos waarvan my lewe afhang, sou ek die eerste 55 minute gebruik om die regte vrae te bepaal, want wanneer ek weet wat die regte vrae is, kan ek die probleem in minder as vyf minute oplos.”

Hoewel ons nie hierdie tipe kitsoplossing op alle terreine van die lewe kan toepas nie, sal ons blind wees as ons nie besef dat daar 'n ernstige probleem in Suid-Afrika en ander wêrelddele is nie. Ons het die pad byster geraak en stel nie net onself nie, maar ook die biosfeer in gevaar. Aan die hand van Einstein se raad, moet ons probeer bepaal wat die regte vraag of probleem is.

Vir my – en dit is maar net een oogpunt – het dit alles te doen met etiek ... Madiba het die voorbeeld gestel van wat [etiese leierskap in Afrika](#) moet wees. Hy het in sy onselfsugtige stryd vir geregtigheid en gelykheid [die welsyn van die mensdom nagestreef](#).

Sonder etiese en emosionele intelligensie sal die spreekwoordelike hiënas in die politiek en die handel regeer waar daar ook al 'n geleentheid is om die septer te swaai. Dit is uiters noodsaaklik dat ons weer bewus word van ons morele waardes. Ons moet die simplistiese vertrouwe in magshonger figure en die maklike respek en blinde lojaliteit wat hulle verwag en wat ons dikwels vir hulle gee, beëindig.

Wanneer mense oor die algemeen versorg word, sal daar minder frustrasie, haat en woede wees. Hulle sal weer heel word. Dit kan stap vir stap gedoen word deur ons onderwysstelsel te verbeter sodat dit gekenmerk word deur billikheid, gelykheid en sosiale geregtigheid, terwyl dit ook die gehalte en etos van mense se lewens verbeter, en deur onder andere deur Madiba se morele visie prakties uit te leef.

*\*Dr Chris Jones is die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Klik [hier](#) om sy volledige artikel te lees.*